# Laerskool Eligwa

24 Oktober 2024

Nuusbrief Nr. 14 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

**1. AKADEMIE**
Ons eksamen begin op 11 November 2024 en eindig 20 November 2024. Die skool sluit vanaf 11 November 2024 om 13:00 vir al die leerlinge vanaf Graad 4-7 en 12:45 vir Graad 1-3. Ons wil 'n vriendelike beroep op u doen om nie u kind onnodig gedurende die eksamen uit te teken nie. U kind het reeds die eksamenrooster en afbakening ontvang.

**2. SKOOLFONDS**
Daar was nie 'n kworum by die begrotingsvergadering van 9 Oktober 2024 nie. Die vergadering word dus geherskeduleer en sal nou plaasvind op Woensdag, 20 November 2024 om 17:30 in die skoolsaal. U teenwoordigheid sal waardeer word.

**3. KERKDIENS (GRAAD 7)**
Ons wil graag op 'n gepaste wyse van ons Graad 7-leerders afskeid neem met 'n kerkdiens. Die diens sal plaasvind om 07:30 op Vrydag, 8 November 2024 by NG Kerk Sentraal (oorkant die skool). Na afloop van die diens sal daar vir die leerlinge 'n verrassing wees.

**4. PRESTASIE-GELEENTHEID**
Die Prestasie-aand vind plaas op Woensdag, 27 November 2024 om 18:00 by River of Life. Die leerlinge sal op Dinsdag, 26 November 2024 die uitnodigings ontvang.

**5. PRESTASIE FOTO'S**
Daar gaan tydens die Prestasie-geleentheid weer foto's van die leerders geneem word. 'n Foto-bestelvorm word saam met u kind se uitnodiging aan u gestuur. Neem asseblief kennis van die afsnydatum van bestellings en betaling wat op die bestelvorm aangedui word. Bestellings en die kontant moet by u kind se registeronderwyser ingehandig word. Slegs foto's op bestelling word ontwikkel. U kind sal sy / haar foto saam met sy / haar vorderingsverslag ontvang.

**6. LEERDER ONDERSTEUNINGSMATERIAAL (LOM-FOOI) 2025**
LOM-fooi van R350 moet voor of op 29 November 2024 betaal word sodat u kind se plek verseker is.

**7. GRAAD 1 INLIGTINGSAAND**
Ons Graad 1- inligtingsaand vind plaas op Woensdag, 20 November 2024 om 17:30 in die skoolsaal. Parkering sal op die B-rugbyveld beskikbaar wees.

**8. DEBIETORDERSTELSEL 2025**

Ouers wat belangstel om van die skool se debietorderstelsel gebruik te maak, moet asseblief die nodige dokumentasie by die kantoor kom afhaal of e-pos stuur aan lseligwa@eligwa.co.za (vir aandag Elize van Wyk). Sy sal die vorm dan vir u aanstuur. Dit strek oor 12 maande en u kwalifiseer vir 2,5% korting op u skoolfonds. Die vorms moet asseblief voor of op 29 November 2024 by Mev. Elize van Wyk ingehandig word. Die debietorders sal gedurende Desember 2024 ingevoer word om dan in Januarie 2025 inwerking te tree.

**BESTAANDE DEBIETORDERS WORD OUTOMATIES AANGEPAS VIR 2025**

**9. KOEKVERKOPING**

Die Graad 4 en Graad 6-leerders hou koekverkoping op Vrydag, 8 November 2024. Baie dankie by voorbaat vir u ondersteuning in die verband.

**10. FOTO'S (FACEBOOK EN WEBBLAD)**

Ons neem op 'n gereelde basis foto's van ons leerlinge gedurende sportbyeenkomste of ander skoolaktiwiteite. Indien u nie wil hê dat u kind se foto op een van bogenoemde 2 platvorms geplaas mag word nie, versoek ons u vriendelik om 'n skrywe aan die skool te rig sodat ons dit op u kind se lêer kan plaas.

**11. GRADEPLEGTIGHEID**

Ons Gradeplegtigheid vir ons Gr. R-leerlinge vind plaas op Donderdag, 21 November 2024 om 17:30 in die skoolsaal.

**12. UITSTAPPIES**

Die volgende uitstappies vind hierdie kwartaal plaas:
Gr. RR en Gr. R leerlinge besoek die dieretuin op 6 November 2024.
Gr. 1 leerlinge besoek Midvaal Leeuplaas op 13 November 2024.
Gr. 2 leerlinge besoek die Voëlpark by Monte Casino op 15 November 2024.
Gr. 5 leerlinge besoek die Voortrekkermonument op 6 November 2024.
Geniet dit en gebruik die geleentheid om baie te leer.

**13. WALTONS (GR. RR – GR.2)**

Waltons sal op 7 November 2024, tussen 12:00 en 14:00, self by die skool wees om die boks met u bestelling aan u te oorhandig. Indien u nog nie betaal het nie, kan u Waltons op 7 November 2024 kontant of met 'n kaart betaal. (Hulle sal kaartfasiliteite beskikbaar hê).

**14. MNR EN MEJ ELIGWA**

Baie geluk aan die volgende deelnemers wat as wenners aangewys is:
Mnr. Eligwa Junior - Liam Coetzer
Mej. Eligwa Junior - Carla Welgemoed
Mnr. Eligwa Senior - Hanru Groenewald
Mej. Eligwa Senior - Christine Otto
Baie dankie aan elkeen se deelname en ondersteuning.

**15. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Baie geluk aan Kayvian Gorrie, Ciara Swarts, Avery Gorrie en Corne Jonker wat Sedibengkleure vir skaak verwerf het.
'n Spesiale woord van gelukwensing aan Ciara Swarts, Kayvian Gorrie en Avery Gorrie wat ook Gautengkleure verwerf het vir skaak. Ons is voorwaar trots op julle.

**16. <u>RUGBYRAAI – GROOOOOT PRYS OP DIE SPEL</u>**

Die Springbokke speel op Saterdag 16 November 2024 teen Engeland op Twickenham in London.
Die prys is akkommodasie vir 2 nagte vir 2 volwassenes en 2 kinders in 'n 2 slaapkamer chalet in die River Resort by die Emerald oord. U kry ook 'n R500 geskenkbewys vir Gas Monkey, ingang vir 4 by die Animal World en ingang vir 4 by die Aquadome. Fondse wat op die wyse ingesamel word, gaan gebruik word om die laaste 2 kantore in die administratiewe blok oor te doen. Die rugbyraaivorms sal op 8 November 2024 aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatum is 15 November 2024 om 12:00. Dankie vir u ondersteuning.

**17. <u>TOER</u>**

Baie sterkte aan ons Gr.4 - leerlinge wat by Wag-'n-bietjie gaan toer van 30 Oktober 2024 tot 1 November 2024. Geniet dit en wees goeie ambassadeurs vir die skool.

Groete



**BD BOSHOFF**
**HOOF**